
MIT 0001-0003-007

DIE TRANSVALER, DINSDAG 26 JULIE 1966

# Jongere kunstenaars oorheers Roem en Belofte



*Mnr. J. J. C. Hopkins, verkoopsdirekteur van die nasionale tabakmaatskappy wat die Agste Jaarlikse Kunstenaars van Roem en Belofte-Uitstalling geborg het, bestudeer die „Kwela Boys" een van die drie werke wat deur die Pretoriase Kunstenaar, Andrew Motjuoadi, ingestuur is en wat die toekenning vir die beste nie-blanke kunstenaar ontvang het.*

**ADLER FIELDING GALERY, JOHANNESBURG.**
**Uitstalling: Roem en Belofte.**

DIE jaarlikse Roem en Belofte-tentoonstelling het vanjaar die klem laat val op die jongere kunstenaars — dus die belowende en onbekende kunstenaars. Dit is 'n goeie ding, maar hou ook gevare in.

Sodoende is daar amper geen maatstaf waarmee die werke van die jongeres vergelyk kan word nie. Net wanneer werke saam in een groep hang, kan die standaard vergelyk word.

Die verdeling van pryse tussen Bantoes en blankes is ook gevaarlik — daar is immers net goeie of swak kunstenaars. Die kleur het niks daarmee te doen nie.

Dat daar soveel meer pryse was, is verblydend. Dit sou egter beter wees om net eerste, tweede en derde pryse vir skilders en dieselfde vir beeldhouers beskikbaar te stel. Dan sal so 'n anomalie dat 'n Bantoe die eerste prys verower, en 'n ander Bantoe weer die eerste prys van die Bantoe-afdeling kry, nie ontstaan nie.

Louis Maqhubela verower vanjaar die eerste prys van R1,000. Sy werk, Petrus se Verloëning, in kryt uitgevoer, is besonder kragtig en ekspressief. Die eerste prys vir vroue gaan aan Cecily Sash — wat twee geweldige groot werke vertoon. Die Komposisie nr. II is vir my die interessantste. Die werk is abstrak en is op 'n knap wyse in vier verdeel. Die invloed van die jongste kunsmode — Op-kuns — is reeds sigbaar, en hoewel Bridget Riley se metodes hierin gesien kan word, maak mej. Sash dit haar eie.

Die eerste prys vir Bantoes is deur drie skitterende tekenings van Andrew Motsjoadi gewen. Hierdie kunstenaar werk sy prente in die fynste besonderhede uit, en gebruik sy eie omgewing as bron vir sy inspirasie. Die detail in hierdie werke is verbysterend, maar kenmerkend van sy siening, wat grens aan die naïewe.

## Figuur

Peggy Delport moes haar prys vir die beste studentekunstenaar weens persoonlike omstandighede afstaan aan Morris Nitsen. Albei skilder op dinamiese wyse die figuur. Die ryk pigmentgebruik en helder kleure dra by tot die krag en lewe van hul werke.

Ander pryswenners is Amos Langdown, met drie Daumier-agtige litografieë, en Stanley Pinker. Pinker vertoon figuurkomposisies wat aan Matisse herinner. Veral aantreklik in nr. 65 is die gekleurde kussing.

Dit is interessant om te sien hoe die figuur feitlik deurgaans as tema gebruik is. Veral die jongere kunstenaars grond hulle werke op die figuur. Skilderye van die jongeres wat beïndruk, behalwe reeds genoemdes, is Omar Badsha, Johannes du Plessis, Betty Joffe, Ulrich Louw (met drie geslaagde tekeninge), Helene Oosthuysen, Merle Pincus, Anne Sassoon, Wendy Vincent en Barry de Villiers. J. Schlosberg en Shirley Simchwitz vertoon ook interessante grafiese werke. Die tegniese versorging is veral puik.

## Humoristies

Grafiese werk kry steeds meer ...ndag. Eben Leibbrandt, Pieter Nel en Kenneth Robinson se werke behoort aandag te kry. Die naam grafiese tekening van Fred Schimmel is humoristies.

Onder die beeldhouers gaan die eerste prys aan Richard Wake. Sy abstrakte siening en vindingrykheid asook tegniese vaardigheid kan in Ses, 'n samestelling van ses interessante vorms gegroepeer op sensitiewe wyse, gesien word.

Die verrassing op die tentoonstelling is die werke van Ronald Mylchreest, wat een paneel en een staande beeld, albei uit hout gesaag, vertoon. Reeds bekend vir sy skilderye van vloeibare vorms en versigtig gekose kleurkombinasies, is sy jongste werke 'n groot verandering.

## Sensitief

Die unieke tegniese benadering van gelamineerde houtplanke wat só gekerf is dat skaduryke, weelderige oppervlaktes verkry word, is iets besonders.

Ander beeldhouers wat beïndruk, is Villa, Westwood ('n jong beeldhouer wat besonder sensitief te werk gaan), Lucas Sithole met sy bekende lang-figuur-tipe werk, en Merle Freund. Eone de Wet se Sea Urchins van staal is streng simetries, maar boeiend. Spies Venter sluit by die beeldhouers van Suid-Afrika aan en vertoon 'n nuwe maar kragtige vorm wat hy Gepantserde Voëlvorm noem.

**Dirk Meerkotter.**